# PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za


9 Oktober 2020

Geagte ouers

**Jaarlikse Begrotingsvergadering**

Die jaarlikse Begrotingsvergadering vind plaas op Maandag, 16 November 2020, om 17:30 in die skoolsaal.

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 1996, artikel 38 (1), moet die Beheerliggaam van die skool jaarliks en in ooreenstemming met sekere neergelegde regulasies, 'n raming van die inkomste en uitgawes van die skool maak vir die komende finansiële jaar.

Kragtens regulasie 6 van die Vrystaatse Departement van Onderwys, word u hiermee 30 dae kennis gegee van die begrotingsvergadering vir die 2021 finansiële jaar.

Die konsepbegroting sal vanaf Maandag, 2 November 2020, beskikbaar wees by die finansiële kantoor indien u dit wil besigtig.

Die vergadering van 16 November 2020 sal volgens Covid-19 protokol hanteer word:

- Maksimum van 250 persone (onderwysers ingesluit), sal in die saal toegelaat word.
- Alle deelnemers sal by die hek geskandeer word.
- Die dra van maskers is verpligtend.
- Sosiale distansiëring sal toegepas word.

Ons maak staat op u samewerking in belang van u en ons skool se toekoms.

Ek doen tog 'n vriendelike, dog ernstige, beroep op u as ouers om hierdie belangrike vergadering by te woon.

Vriendelike groete

Mnr. LC Gunter
Skoolhoof

Mnr. J. Kriel
Voorsitter Beheerliggaam

Tjokkies 50 JAAR 2020